UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

3 Desember 2015

Aan: Alle Dekane/Departementele Voorsitters/Hoofde en Direkteure

**Jaarlikse Opname van Navorsingsuitsette, 2015**

1. Die jaarlikse opname van navorsingsuitsette vir die uitsetjaar 2015 vind weereens plaas via die sg "Research Administration" (RA) navorsingsinligtingstelsel*. *Hierdie stelsel is reeds op 26 Oktober vanjaar oopgestel vir vaslegging van die 2015-navorsingspublikasie-uitsette en alle RA-gebruikers is hiervan in kennis gestel.*

2. Daar word 'n vriendelike beroep op departementele voorsitters gedoen om hulself te vergewis van die reëls en riglyne van navorsingsuitsette wat vir subsidie voorgelê word, met spesifieke verwysing na die korrekte aantoon van Universiteit Stellenbosch (US) outeurs se affiliasie.

3. In samehang met bogenoemde paragraaf, word daar volgens nuwe voorskrifte van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding van departementele voorsitters verwag om 'n **kontrolelys** te onderteken sover dit navorsingsuitsette betref wat vir subsidie voorgelê word (sien Addendum A vir meer besonderhede in dié verband.) ***Die onus rus dus op voorsitters om te verseker dat alle navorsingsuitsette wat vir subsidie voorgelê word, aan hierdie vereistes voldoen.*** Daar is voorts geen waarborg dat onvolledige inligting opgevolg sal word nie en gevolglik kan dit tot 'n *verlies aan subsidie vir beide u departement en die US lei*.

4. U word vriendelik versoek om te let op die voorskrifte in terme van korrekte aantoon van affiliasie van US outeurs asook die bewys van eweknie-evaluering (sien onderskeidelik bl 3-4 en 11 in Addendum B)

5. Alle inligting wat gerapporteer word, moet deeglik geproeflees word – inligting wat nie in die korrekte formaat gerapporteer word nie, sal nie noodwendig in die Navorsingsverslag weerspieël word nie.

6. Die sluitingsdatum vir die inhandiging van die 2015-navorsingspubliksie-uitsette is op **Maandag, 1 Februarie 2016.**

*(Die RA is 'n webgebaseerde databasisstelsel waartoe 'n kontakpersoon in elke departement/afdeling/sentrum/buro tans toegang het.– Hierdie persoon is vervolgens verantwoordelik wees vir die vaslegging van hul betrokke departement/afdeling/sentrum/buro se navorsingsuitsette.)

**Division for Research Development • Afdeling Navorsingsontwikkeling**
Private Bag/ Privaatsak X1 • 7602 Stellenbosch • South Africa/Suid-Afrika
Tel: +27 (0)21 808 9184 • Faks/Fax: +27 (0)21 808 4537

| **<u>Wie om te kontak indien u 'n navraag het aangaande:</u>** | |
|---|---|
| Navorsingsuitsette in die **algemeen** | Daléne Pieterse<br>RW Wilcocks Gebou, Kamer 2048<br>Tel: 021 808 3557<br>e-pos: mver@sun.ac.za |
| Gebruik van ***Research Administration (RA)*** **stelsel** (<u>Stellenbosch-kampus</u>) | Felicia McDonald<br>RW Wilcocks Gebou, Kamer 2048<br>Tel: 021 808 2581<br>e-pos: fmcdonald@sun.ac.za |
| Gebruik van ***Research Administration (RA)*** **stelsel** (<u>Tygerberg-kampus</u>)<br>Neem asseblief kennis dat sy slegs op Maandae op Tygerberg kampus is. | Lee Louw<br>Kamer 5009 A, Onderwysblok<br>Tel: 021 938 9092<br>e-pos: leelouw@sun.ac.za |

**Alle Fakulteite** (behalwe vir Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe) handig uitdrukke van die volledig voltooide vorms asook alle bundels en/of boeke in by:

Daléne Pieterse,
Afdeling Navorsingsontwikkeling, RW Wilcocks Gebou, Kamer 2048

**Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe** handig uitdrukke van die volledig voltooide vorms asook alle bundels en/of boeke in by:

Me Lee Louw
Kamer 5009 A
Onderwysblok
Tygerberg

Met vriendelike groete.

**Dr Therina Theron**
**Senior Direkteur: Navorsing & Innovasie**

# ADDENDUM A

## Kontrole lys vir voorlegging van 2015-navorsingsuitsette vir subsidie aan die Departement: Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO)

**Kontroleer of al die ondersteunende inligting van die navorsinguitsette soos wat op die subsidieverslag verskyn, ingehandig is. Skadueer/ dui die ondersteunende inligting hieronder versoek, op die harde kopie aan. Sien Addendum B vir riglyne.**

**Departement:** _______________________________

( Vul in die naam van u departement )

### Vaktydskrifartikels in Geakkrediteerde Vaktydskrifte

| | Tik af (✓ ) of u die volgende ingesluit is, of as die oorspronklike of 'n goeie kwaliteit fotokopie | ✓ |
|---|---|---|
| 1 | 'n Harde kopie van die finaal gepubliseerde artikel is ingehandig. | |
| 2 | Publikasiejaar is 2015 (indien 2014, sien punt 3 hieronder). Geen vroeë (online) publikasies kan aanvaar word nie. | |
| 3 | Indien die publikasiejaar 2014 is, maak seker dat daar nie alreeds vir die publikasie ge-eis is nie. Indien nie, handig 'n amptelike ondertekende verklaring vir die laat voorlegging in Engels in. Die enigste aanvaarbare rede vir laat voorleggings is wanneer die publikasie laat verskyn het. | |
| 4 | Naam van die tydskrif, titel van die artikel, volume nommer, publikasiejaar, bladsynommers, name van outeurs met hul affiliasie is op die bladsy ingehandig.<br>LW: Uitdrukke van sommige databasisse bv PubMed is nie altyd voldoende nie aangesien dit slegs die abstrak van die artikel verskaf en ook nie die korrekte affiliasies van outeurs aantoon nie (dit gee in meeste gevalle net die affiliasie van die eerste outeur). | |
| 5 | In gevalle waar die US affiliasie van die outeur op die artikel ontbreek, is 'n Engelse brief van die voorsitter van die departement/studieleier in gevalle van nagraadse studente of van Menslike Hulpbronne vir personeel ingesluit wat die outeur se US affiliasie tydens die skryf van die artikel, bevestig. | |
| 6 | Die publikasie is 'n volwaardige, vollengte navorsingsartikel en nie 'n hoofartikel ("editorial"), 'n gewone abstrak ("abstracts"), briewe aan die redakteur, blote rapportering van 'n gevallestudie ("case report"), resensies van boeke, vakkundige nuus en mededelings, huldeblyke en verslae oor konferensies of simposia nie. | |

## Boeke / Hoofstukke in Boeke

| | Tik af (✓ ) of u die volgende inligting of materiaal ingesluit het. Het u die volgende na gegaan? | ✓ |
|---|---|---|
| 1. | **Oorspronklike boek** is ingehandig. Geen kopieë van boeke of hoofstukke in boeke mag ingedien word nie. | |
| 2. | Publikasiedatum is **2015** en dit is in die boek aangedui.<br>Indien die publikasiejaar 2014 is, **maak seker dat daar nie alreeds vir die publikasie ge-eis is nie.** Indien nie, handig 'n **ondertekende verklaring vir die laat voorlegging in Engels** in. | |
| 3 | Bewys van die gedetaileerde besonderhede van die eweknie-evalueringsproses **VOOR** publikasie is ingedien.<br>Indien dit nie in die voorwoord of inleiding van die boek opgeteken is nie, moet 'n brief verkieslik van **die uitgewers rakende die gedetaileerde eweknie-evalueringsproses** ingedien word.<br>Redakteurs wat hoofstukke in boeke geskryf het en geaffilieer is met die US, kan nie die eweknie-evalueringsproses verskaf nie **maw die eweknie-evalueringsproses moet deur 'n persone wat onafhanklik van die US is,** verskaf word. Die redakteur kan ook nie as evalueerder op tree nie. | |
| 4. | Die naam van die outeur met sy **US affiliasie** verskyn in die boek. | |
| 5. | 'n Minimum van 1 bladsy Engelse **opsomming** van die boek/ hoofstuk in die boek, is ingehandig indien die boek nie in Engels geskryf is nie. | |
| 6. | Die lengte van die boek is 'n minimum van **60 bladsye** (verwysings, bibliografieë en addendums is uitgesluit) | |
| 7. | Die publikasie is die resultaat van **oorspronklike navorsing** en daar is nie reeds elders in ander formaat subsidie hiervoor geëis nie. | |
| 8. | Boeke met meer as een uitgawe, waarvoor vir die voorafgaande uitgawe alreeds subsidie ontvang het, moet vergesel wees van die vorige uitgawe(s) waarvoor subsidie toegeken is asook 'n skriftelike motivering (in Engels) waarin duidelik aangetoon word tot watter mate hierdie nuwe werk is. | |
| 9. | Die teikenmark is **akademiese eweknieë** en nie voorgraadse studente (handboeke), kontrakwerk of algemene publiek nie. | |
| 10. | **ISBN** word aangetoon op dokumentasie. | |

# Verrigtinge Internasionaal en - Nasionaal

| | Tik af (✓ ) of u die volgende inligting of materiaal ingesluit het. Het u die volgende na gegaan? | ✓ |
|---|---|---|
| 1. | **Kopie van die kongresbundel** is ingehandig.<br>Verrigtinge op CD-Rom of ander elektroniese media moet vergesel wees van 'n kopie van die CD asook 'n uitdruk van die voorblad (wat die konferensietitel wys), indeksbladsy wat die redakteur(s), ISBN, publikasiejaar wys, volledige inhoudsopgawe en die volledige uitdruk(ke) van die US bydrae(s). Die outeur se US affiliasie moet op die uitdrukke wys.<br>(Die tien nie-US bydraes word nie meer deur die DHOO verlang nie.) | |
| 2 | Publikasiedatum is **2015**<br>Indien die publikasiejaar 2014 is, maak seker dat daar nie voorheen vir die publikasie ge-eis is nie. Indien nie, handig 'n **ondertekende verklaring vir die laat voorlegging** in Engels in. | |
| 3. | Bewys van die **volledige eweknie-evaueringsproses** voor publikasie met duidelike uiteensetting dat die **volledige referate**'n proses van eweknie-evaluering voor publikasie ondergaan het en nie net die abstrak nie .<br>Indien bg nie in die kongresbundel genoem word nie, moet die volledige proses van eweknie-evaluering van die organiseerders van die kongres aangevra word. | |
| 4. | **Affiliasie** van outeurs word aangetoon in publikasie.<br>In gevalle waar die US affiliasie van die outeur op die referaat ontbreek, moet 'n brief van die departementele voorsitter/ studieleier in gevalle van nagraadse studente of Menslike Hulpbronne ingesluit word wat die outeur se affiliasie met US tydens die skryf van die referaat, bevestig. | |
| 5. | 'n Abstrak in Engels van die referaat word voorsien as die kongresbundel nie in Engels gepubliseer is nie. | |
| 6. | **ISBN** word aangetoon op dokumentasie | |
| 7 | Die publikasie is die resultaat van **oorspronklike navorsing en daar is nie reeds elders in ander formaat subsidie hiervoor geëis nie**. | |

Ek verklaar hiermee dat:

- Alle outeurs vir wie subsidie ge-eis word onder u departement se naam, is óf permanente óf afgetrede personeel, óf nagraadse studente. Buitengewone aanstellings moet in die Algemene Jaarboek gereflekteer word.
  Indien daar indiwidue is wat nie aan bogenoemde vereistes voldoen nie, moet 'n amptelike brief van die Afdeling Menslike Hulpbronne ingedien word waarin die persoon se affiliasie met die US uiteengesit word.

- Alle publikasies ingedien voldoen aan die nodige etiese beginsels van 'n goeie wetenskaplike publikasie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Voorletter(s) en Van: In Drukskrif | **Departementele voorsitter** | Voorletter(s) en Van: In Drukskrif | **Persoon verantwoordelik vir RA in departement** |
| Handtekening: | **Departementele Voorsitter** | Handtekening: | **Persoon verantwoordelik vir RA in departement** |
| Datum | | Datum | |

*** Handig die ondertekende kontrole, Jaarlikse Navorsings-, Subsidieverslag en ander ondersteunende materiaal voor of op Maandag, 1 Februarie 2016 by die Afdeling Navorsingsontwikkeling in.**

## ADDDENDUM B:

# Riglyne vir Opgawe van Navorsingsuitsette 2015

## Algemeen

Die inligting wat jaarliks gerapporteer word tydens die opname van navorsingsuitsette word eerstens gedoen ter indiening van subsidie by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) en tweedens vir die doeleindes van die jaarlikse Navorsingsverslag van die Universiteit Stellenbosch.

Abstrakte in geakkrediteerde joernale, bydraes in populêre tydskrifte, blogs, kongresabstrakte, plakkate en redaksionele boeke word nie in die navorsingsverslag ingesluit nie.

Die twee kategorieë is as volg (die term soos dit voorkom in die RA stelsel word telkens tussen hakies voorsien):

| **Kategorieë van navorsingsuitsette wat vir subsidie kwalifiseer** | **Kategorieë van navorsingsuitsette wat nie vir subsidie kwalifiseer nie (maw nie subsidie-draende navorsingsuitsette)** |
|---|---|
| Vaktydskrifartikels in geakkrediteerde joernale (*Journal articles (Subsidised)*) | Vaktydskrifartikels in nie-geakkrediteerde joernale (*Journal articles (non-subsidised)*) |
| *Gepubliseerde verrigtinge: internasionale vakkongresse (*Proceedings International*) | Gepubliseerde verrigtinge: internasionale vakkongresse (*Proceedings International*) wat nie voldoen aan DHOO kriteria |
| *Gepubliseerde verrigtinge: nasionale vakkongresse (*Proceedings National*) | Gepubliseerde verrigtinge: nasionale vakkongresse (*Proceedings National*) wat nie voldoen aan DHOO kriteria |
| *Boeke (*Books*) | Boeke (*Books*) wat nie voldoen aan DHOO kriteria |
| *Hoofstukke in boeke (*Chapters in books*) | Hoofstukke in boeke (*Chapters in books*) wat nie voldoen aan DHOO kriteria |
| | Patente geregistreer (*Patents*) |
| | Verslae (*Research Reports*) |
| | Kreatiewe Werke (*Creative Works*)<br>(binne die Geestes- en Sosiale Wetenskappe omgewing word daar wel subsidie toegeken aan uitsette in hierdie kategorie, maar dit word in 'n aparte opname hanteer) |
| | Doktorale proefskrifte afgehandel (*Doctoral Completed)* |
| | Magister tesisse afgehandel (*Masters Completed*) |

RA GEBRUIKERS MOET ASB OP DIE VOLGENDE LET:

*Indien ‘n publikasie in die kategorieë kongresverrigtinge en boeke/hoofstukke in boeke vir subsidie voorgelê word, moet dit op die RA stelsel so aangetoon word en dit word gedoen deur die veld **“Subsidy requested”** af te merk. Indien hierdie veld nie afgemerk is nie, word aanvaar dat die publikasie slegs vir die doeleindes van die Navorsingsverslag gerapporteer word en daar dus nie aansoek vir subsidie gedoen word nie.

Outeurs verskaf in sommige gevalle die bewoording omtrent die eweknie-evalueringsproses aan die uitgewers/kongresorganiseerders en dit word ten sterkste ontmoedig. Daar was in die verlede gevalle waar keuringsprosesse woordeliks ooreenstem vir verskillende publikasies deur verskillende uitgewers en dit bring uiteraard die reputasie van die uitgewer en die outeur in gedrang.

## Jaarlikse voorlegging van Navorsingsuitsette aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding gee slegs subsidie aan navorsers/outeurs wat formeel geaffilieer is aan die betrokke instansie. Geaffileerde outeurs kan omskryf word as akademiese- of navorsingpersoneel, ingeskrewe studente, navorsingsgenote, buitengewone aanstellings en afgetrede akademici. Die kontakadres/affiliasie van die outeur moet ooreenstem met dié van die instansie wat subsidie eis vir die betrokke publikasie. **Indiwidue wat egter *nie* 'n *permanente* aanstelling by die US het nie en vir wie se bydraes subsidie geëis word, moet 'n aanstellingsbrief van die afdeling *Menslike Hulpbronne* saam met hul eis vir subsidie indien (uitsonderings is afgetrede personeellede, buitengewone aanstellings wat in die Algemene Jaarboek gespesifiseer word asook nagraadse studente wat publikasies gelewer het wat voortspruit uit hul studies as ingeskrewe studente aan die US).**

Neem asseblief kennis dat **onderstaande kriteria** in die subsidiedraende kategorieë slegs van toepassing is op navorsingsuitsette wat vir **subsidie voorgelê** is maw dit is nie van toepassing op uitsette wat slegs vir rapporteringsdoeleindes in die jaarlikse Navorsingsverslag gerapporteer word nie.

## Vaktydskrifartikels in geakkrediteerde joernale

Sluit in oorspronklike navorsingsartikels, oorspronklike navorsingsbriewe en oorsigartikels vir die vakspesialis wat eweknie-evaluering voor publikasie ondergaan het, in 'n geakkrediteerde vaktydskrif in.

US outeurs wat deel uit maak van 'n navorsingsgroep in geakkrediteerde joernale, en nie van die hoofouteurs nie, kan nie vir subsidie in ag gebring word nie.

*Uitgesonder is: hoofartikel ("editorial"), gewone abstrakte ("abstracts"), gevallestudies, gidse ("guidelines"), briewe aan die redakteur, resensies van boeke, vakkundige nuus en mededelings, huldeblyke en verslae oor konferensies en simposia. Hierdie uitsonderings geld al is dit in 'n geakkrediteerde vaktydskrif gepubliseer.*

Geakkrediteerde vaktydskrifte is dié wat gelys word in die

- Thomson Reuters ISI ("Institute for Scientific Information") indekse
  http://scientific.thomsonreuters.com/cgi-bin/jrnlst/jloptions.cgi?PC=D
  http://scientific.thomsonreuters.com/cgi-bin/jrnlst/jloptions.cgi?PC=SS
  http://scientific.thomsonreuters.com/cgi-bin/jrnlst/jloptions.cgi?PC=H

  *Let asb op die volgende wanneer daar na 'n joernaal gesoek word op die Thomson/Reuters webblad: Joernale wat op die sg Master List voorkom, is nie*

*noodwendig geakkrediteer nie; slegs die joernale wat op die 3 indekse van ISI Web of Science voorkom nl Science Citation Indeks, Arts & Humanities Citation Index en Social Sciences Citation Index, word as geakkrediteer erken.*

- IBSS ("International Bibliography of the Social Sciences")
  http://www.proquest.com/en-US/catalogs/databases/detail/ibss-set-c.shtml
  *Neem asseblief kennis dat alle vaktydskrifartikels op die lys geakkrediteer is behalwe vir dié gemerk 'Indexing Ceased' of 'Process under Review' in die laaste kolom van die sigblad.*
- 'n Plaaslike lys van joernale wat deur die Departement van Hoër Onderwys & Opleiding onderhou word
  http://www0.sun.ac.za/research/assets/files/Accredited_Journals/List_of%20_Approved_South_African_Journal_2015.xlsx

## Watter inligting moet die aansoek vergesel?


Kopieë van die volledige artikel waarop onderstaande inligting verskyn en geskadueer ('highlight') is, moet saam ingehandig word.

- Naam van die vaktydskrif
- Publikasiejaar van die uitgawe
- Volume en uitgawenommer
- Name van outeurs met hul affiliasie
  *Uitdrukke van sommige databasisse bv PubMed is nie altyd voldoende nie aangesien dit slegs die abstrak van die artikel verskaf en ook nie die korrekte affiliasies van outeurs aantoon nie (dit gee in meeste gevalle net die affiliasie van die eerste outeur)*
- Hierdie opname is slegs vir **2015**-navorsingsuitsette. Vaktydskrifartikels met 'n ouer datum wat vir subsidiedoeleindes voorgelê word, moet vergesel wees van 'n **ondertekende skriftelike motivering** wat die laat voorlegging verduidelik.

Let asseblief op na die volgende bladsy vir voorbeelde van die formaat van die data waarin dit ingedien moet word, sowel as die korrekte manier waarop die affiliasie van outeur(s) aangedui moet wees.

Vir toekomstige verwysing, let asseblief op dat "Universiteit Stellenbosch" is die korrekte weergawe in plaas van "Universiteit van Stellenbosch" wanneer die affiliasie vermeld word.

Dui bostaande inligting op die artikel aan deur dit as volg te skadueer. Let op na die korrekte manier om u affiliasie te lys.




Bioresource Technology 183 (2015) 141–152

Contents lists available at ScienceDirect

Bioresource Technology

journal homepage: www.elsevier.com/locate/biortech

Techno-economic assessment of integrating methanol or Fischer–Tropsch synthesis in a South African sugar mill

Abdul M. Petersen, Somayeh Farzad, Johann F. Görgens *

*Department of Process Engineering, University of Stellenbosch, Stellenbosch, South Africa*

HIGHLIGHTS

- Integration of synthetic fuel production into sugar mills.
- Optimising syngas generation from biomass for cost and efficiency.
- Allothermal syngas production advantageous over autothermal.
- Conventional and advanced synthesis of Fischer Tropsch and methanol.
- Advanced methanol synthesis is the most favourable.

ARTICLE INFO

*Article history:*
Received 11 November 2014
Received in revised form 2 February 2015
Accepted 3 February 2015

ABSTRACT

This study considered an average-sized sugar mill in South Africa that crushes 300 wet tonnes per hour of cane, as a host for integrating methanol and Fischer–Tropsch synthesis, through gasification of a combined flow of sugarcane trash and bagasse. Initially, it was shown that the conversion of biomass

## Hoe word aansoek gedoen vir akkreditering van joernale?

Aansoek vir die akkreditering van **plaaslike** joernale moet via die Afdeling Navorsingsontwikkeling aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding gedoen word.

Indien u wil aansoek doen om akkreditering van ‘n **plaaslike** tydskrif, dien asseblief die volgende inligting **voor 15 Junie** van elke jaar in:

- Fisiese kopie van die tydskrif
- Tydskriftitel, insluitende die Engelse vertaling van die titel indien dit nie in Engels gepubliseer word nie
- Die ISSN van die tydskrif
- Die uitgewer besonderhede en die uitgewer se adres en kontak besonderhede
- Frekwensie van die publikasie
- Bewyse dat die tydskrif vir die minimum voorgeskrewe siklus gepubliseer is
- Redaksionele beleid, insluitend die eweknie-evalueringsproses
- Redaksionele raad, die status van die lede van die redaksie met elk se institusionele affiliasie

- In die geval van elektroniese tydskrifte, die tydskrif se internet Uniform Resource Locator (URL)
- Aanduidings van biblioteekstand

**Internasionale** joernale wat na u mening vir akkreditering voorgelê moet word, moet direk via die redaksie van die betrokke joernaal aan óf die ISI http://science.thomsonreuters.com/info/journalsubmission/

of die IBSS

http://media2.proquest.com/documents/IBSS+Editorial+Policies+and+Principles.pdf geskied.

# Gepubliseerde Verrigtinge: Internasionale - / Nasionale Vakkongresse

Gepubliseerde kongresverrigtinge wat op vakspesialiste gerig is en die **vollengte referaat** deur ’n proses van **eweknie-evaluering voor** publikasie gegaan het, kan vir subsidie voorgelê word.

Kongresverrigtinge wat in geakkrediteerde tydskrifte verskyn en die finale publikasie van die navorsingsresultate is, moet in die kategorie “Journal articles (subsidised)” opgegee word. **Let egter op dat daar slegs subsidie geëis kan word vir óf die kongresbydrae óf die gepubliseerde artikel en nie beide nie.**

Indien u wil aansoek doen om subsidie vir die kongresverrigting, dien asseblief die volgende inligting (in hardekopie) in:

- Volledige kopie van kongresbundel.
  Verrigtinge wat op CD-Rom of ander elektroniese media voorkom, moet vergesel wees van ’n kopie van die CD asook ’n uitdruk van die voorblad (wat die konferensietitel* wys), indeksbladsy wat die redakteur(s)*, ISBN, publikasiejaar* wys, die volledige inhoudsopgawe* en die volledige uitdruk(ke) van die US bydrae(s). Die outeur se US affiliasie* moet op die uitdrukke gemerk word.
- **ISBN*** (slegs kongresverrigtinge met ‘n ISBN kwalifiseer vir subsidie)
- Skriftelike kommunikasie van die volledige keuringsproses van bydraes (indien die keuringsproses nie in die bundel gemeld word nie, MOET stawende dokumentasie in die verband verkry word van die redaksie waar die keuringsproses in volle besonderhede uiteengesit moet word. )*. Daar moet duidelik uitgewys word dat die vollengte referaat gekeur is en nie slegs die abstrak nie.
- Hierdie opname is slegs vir **2015-**navorsingsuitsette*. Gepubliseerde verrigtinge met ‘n ouer datum wat vir subsidiedoeleindes voorgelê word, moet vergesel wees van ‘n **ondertekende skriftelike motivering** wat die laat voorlegging verduidelik.

*Dui bostaande inligting met ’n Post-it vlaggie op die ondersteunende materiaal, aan.

# Voorbeelde van bewys van eweknie-evaluering voor publikasie

## SATNAC 2014 Review Process

Kongresbesonderhede is aangedui

Eweknie-evalueringsproses is oa bepalend vir goedkeuring van die referaat

A formal 'Call for Papers' was issued, inviting anyone interested to submit a paper within categories specified by the Organizing Committee. Authors uploaded their papers via web interface onto a database. Papers were assigned to the review panel in the field to judge on the possible acceptance of the submission, based on the scope and depth of the subject matter.

Die eweknie-evaluerinsproses vind onafhanklik deur kundiges, nasionaal en internasionaal evalueerders plaas

The review process is based on the international de facto standard for blind paper reviews. The review process was undertaken by at least three experienced and well respected individuals. In the blind peer-review process, papers were scrutinized by a panel of South African reviewers, consisting of mainly respected academics, as well as several international experts. The reviewers were asked to provide specific feedback, both positive and negative. This was the only information from the review process disclosed to the authors; all other information was kept confidential.

Reviewers used a 4 point scale to rate the following criteria:

- Originality
- References
- Technical Quality
- Presentation Style

Die keuringkriteria is aangedui

Die gehalte van die referaat is verseker

Reviewers gave an overall rating. This was followed by the reviewer comments, which assists the authors in improving and correcting their papers. Reviewers were asked to be as comprehensive as possible.

The reviewers submitted their scoring and comments via web interface onto the database. The Technical Programme Committee drew reports and aggregated the individual scores. The papers were ranked on their average weighted score. The programme dictated the number of papers that could be accepted. Papers were submitted to an online plagiarism database, before being accepted.

Ander kriteria wat ook bepalend is vir aanvaarding

The reviewers' comments were forwarded to the author's, with a request to submit a final revised version. Only those papers of high enough quality as recommended by the respective reviewers are included in the SATNAC 2014 Proceedings as Full Reviewed Papers.

Die vollengte referaat is deur die eweknie-evalueringsproses gekeur.

Two page Work-In-Progress papers were also invited but were not reviewed as rigorously. Several were accepted for oral presentations, while others for poster presentations. The poster session papers do not form part of the official conference proceedings.

Amptelike verklaring in die kongresbundel

Roy Volkwyn
Chairperson
Technical Programme Committee
SATNAC 2014

## Boeke en Hoofstukke in Boeke

Hierdie kategorie sluit boeke in vir die vakspesialis maw streng gekeurde oorspronklike navorsingsmateriaal van hoë gehalte. Let op dat die volgende tipes bydraes uitgesluit word:

- Boeke wat op die breë publiek en/ of voorgraadse studente gerig is, kwalifiseer nie vir subsidie nie.
- Redaksionele aktiwiteite kwalifiseer nie vir subsidie nie.

  Redakteurs wat hoofstukke in boeke geskryf het kan nie as evalueerders optree nie aangesien die evalueerders onafhanklik van die eisende instituut moet wees.

- Inleiding- en slot hoofstukke kwalifiseer as ’n reël nie vir subsidie nie. Sou u egter van mening wees dat dit wel oorspronklike navorsing is kan die outeur ’n brief ter motivering indien.
- Proefskrifte, handboeke, studieleidings vir voorgraadse studente, feesgeskrifte, intreeredes, verslae oor kontraknavorsing, blote dokumentasie van gevallestudies, vertalings en woordeboeke kwalifiseer nie vir subsidie nie

Indien u wil aansoek doen om subsidie vir die boek/hoofstuk in boek, dien asseblief die volgende inligting in:

1. Volledige kopie van boek*
2. Bewys van die eweknie-evalueringproses van die boek VOOR publikasie*. Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding vereis dat die bewys van keuring vanaf die uitgewers verkry moet word en nie die redakteurs nie, en dat dit soveel as moontlik inligting omtrent die evalueringsproses self moet bevat. (In sommige gevalle verwys die uitgewers die verklaring omtrent eweknie-evaluering na die redakteurs van die publikasie, maar verkieslik moet verklaring van uitgewers self kom.)

   - Onafhanklike eweknie-evaluering deur vakspesialiste is belangrik, vandaar die feit dat evaluering deur die redakteur alleen bevraagteken word;
   - Eweknie-evaluering deur die redakteur word verder bevraagteken deur die paneel aangesien dit slegs uitsonderlike gevalle sal wees waartydens die redakteur ‘n kenner is op al die gebiede in ‘n publikasie;
   - Indien moontlik moet inligting ook verskaf word oor bydraes wat afgekeur is, aangesien keuring wat bepalend is of ‘n bydrae gepubliseer word al dan nie, ‘n belangrike rol speel;
   - Gebrek aan voldoende bewys van keuring lei tot onsuksesvolle voorleggings, selfs al is die bydrae van ‘n hoogstaande wetenskaplike gehalte. Dit geskied op grond van die basis van regverdigheid en konsekwentheid tydens die beoordeling van bydraes.
   - Die teikenmark moet kundiges op die gebied wees en nie ‘n breë algemene gehoor nie.

- In-huis publikasies moet ontmoedig word – indien 50% of meer van ‘n publikasie deur outeurs van dieselfde instelling is, word dit as ‘n in-huis publikasie beskou.
- Inleidings en slot sal alleenlik vir subsidie kwalifiseer indien dit oorspronklike navorsing is en nie slegs ‘n opsomming is van die bydraes in die publikasie nie.
- Outeurs verskaf in sommige gevalle die bewoording omtrent die eweknie-evalueringsproses aan die uitgewers/kongresorganiseerders en dit word ten sterkste ontmoedig. Daar was in die verlede gevalle waar keuringsprosesse woordeliks ooreenstem vir verskillende publikasies deur verskillende uitgewers en dit bring uiteraard die reputasie van die uitgewer en die outeur in gedrang

3. Hierdie opname is slegs vir **2015**-navorsingsuitsette*. Boeke en hoofstukke in boeke met ‘n **ouer datum (2014**) wat vir subsidiedoeleindes voorgelê word, moet vergesel wees van ‘n **ondertekende skriftelike motivering** wat die laat voorlegging verduidelik.
4. Boeke (en hoofstukke in boeke) wat nie in Engels gepubliseer is nie, moet by voorlegging vir subsidie vergesel word van ‘n *opsomming in Engels* (1 A4 bladsy per boek).
5. Maak seker dat die name van die outeurs met hul affiliasie in die boek aangedui is*.
6. As dit nie die eerste uitgawe van die boek is nie, handig ’n motivering in wat die nuwe navorsing verduidelik en die bladsynommers uitwys. Die vorige uitgawe(s) van die boek moet ook ingedien word.

* Dui bostaande inligting met ’n Post-it vlaggie op die ondersteunende materiaal, aan.

# Voorbeeld van bewys van eweknie-evaluering voor publikasie

Routledge
Taylor & Francis Group

**Die eweknie-evalueringsproses is uiteengesit deur die uitgewer**

13 January 2014

Dear Sir/Madam,

**Die boekbesonderhede is aangedui**

RE

I am writing to confirm that the above book was initially peer reviewed by two academics in the field at proposal stage, and upon completion, each chapter of the manuscript was blind peer reviewed by two experts in the field, after which the three series editors returned their feedback and each contributor made the requested changes to their chapters. The feedback from the reviewers at both stages was considered by our editorial board and contributed to their decision to take the project forward to publication.

**Die eweknie-evalueringsproses voor publikasie van die manuskrip was bepalend vir aanvaarding van die publikasie**

**Further details:**

Publication date: 25th November 2013.

Stages of review: Proposal and full manuscript stage.

Number of reviewers: **Two reviewers at proposal stage**, affiliated to the institute of Education, University of London, UK, and the University of Oxford, UK. **Two reviewers of each chapter upon completion of the manuscript** with affiliations including Arizona State University, USA; University of North Carolina, USA; Stellenbosch University, South Africa; Rhodes University, South Africa; University of Birmingham, UK.

**Die voorstel en die manuskrip is deur onafhanklike kenners van nasionale en internasionale oorsprong, gekeur**

Please do let me know if you have any other queries.

Yours sincerely,

*Clare Ashworth*

**Amptelike brief**

Clare Ashworth
Editorial Assistant
Routledge

Taylor and Francis
2 Park Square, Milton Park,
Abingdon, Oxon OX14 4RN
Clare.ashworth@tandf.co.uk

## Berekening van subsidie-eenhede vir elke kategorie

| Kategorie | Subsidie-eenhede toegeken deur DHOO | Subsidie eenhede intern deur US toegeken (vir die doeleindes van SOS fondse) |
|---|---|---|
| **Navorsingsartikel** | 'n Navorsingsartikel in 'n geakkrediteerde joernaal word as 'n enkel eenheid erken (**1 eenheid**) | Dieselfde as DHOO |

| | | |
|---|---|---|
| **Eweknie-geëvalueerde boeke & hoofstukke in boeke** | 'n Boek kan tot 'n maksimum van **5 eenhede** of 'n gedeelte daarvan, ontvang, afhande van die aantal bladsye relatief tot die totale aantal bladsye in die boek.<br>Die riglyn is elke 60 bladsye as een eenheid erken word tot en met 'n maksimum van 300 bladsye (5 eenhede). Die eenhede word proporsioneel bereken in terme van die hoeveelheid bladsy van 'n hoofstuk relatief tot die totale aantal bladsye in die boek, tesame met die aantal outeurs van die instelling wat subsidie eis.<br>As die boek minder as 300 bladsye het, is die **formule van toepassing**:<br>= [aantal bladsye waarvoor subsidie gevra word (aantal badsye in hoofstuk)/300] X proporsie van outeurs X 5 (maksimum aantal eenhede) of<br>=[ aantal bladsye waarvoor subsidie gevra word (aantal badsye in hoofstuk )/60] X proporsie van outeurs X 1 (minimum aantal eenhede) | Dieselfde as DHOO |

| | | |
|---|---|---|
| **Gepubliseerde eweknie-geëvalueerde kongresverrigtinge** | Gepubliseerde kongresverrigtinge wat die uitvloeisel was van eweknie-geëvalueerde konferensies, kongresse, simposia of ander geleenthede waarvan die primêre doel die disseminasie van navorsingsresultate was, ontvang 'n halwe (**0.5**) eenhede indien al die outeurs aan een instelling verbonde was | Internasionale Verrigtinge: **0.3**<br>Nasionale Verrigtinge: **0.2** |
| **Let asb op die volgende wat geld vir alle kategorieë: In gevalle waar outeurs aan meer as een instelling verbonde is, word die eenhede gelykop verdeel tussen die aantal instellings.** | | |

## Ander nie-subsidiedraende Navorsingsuitsette

Patente

Slegs finale patente moet hier opgegee word, maw voorlopige patente word uitgesluit.

Verslae

Hierdie kategorie sluit navorsingsresultate wat in verslagvorm gepubliseer is, in.

Kreatiewe Werke

Hierdie kategorie sluit literêre werke, komposisies, musiekuitvoerings, visuele kunste, asook teater- en mediaproduksies in.

Doktorale proefskrifte & Magistertesisse afgehandel

Grade word gerapporteer in die departement waar die student ingeskryf is.